*Dreyer, N. red. e.a. 1985 — ABC vir Geskiedenisonderrig. Pretoria: Academica, 225 p — R24,95.*

Hierdie boek is gebaseer op die kernaantekeninge van wyle B.J. van der Merwe wat onder redaksie van Dreyer nou, die afsonderlike vier boekies wat die aanvanklike publikasie verteenwoordig het, in 'n nuwe gewaad aanbied. Hierdie sintese as sodanig verteenwoordig 'n verbetering.

Die publikasie word dan ook sterk aanbeveel vir onderwysers en studente in die primêre skool en junior sekondêre skoolfase. Die publikasie bevat veral talle uiters sinvolle skematiserings, strukturerings, praktiese wenke en evalueringstegnieke.

Uiteraard is die publikasie nie volmaak nie en die skrywers maak ook nie daarop aanspraak nie. Tog is dit

verblydend dat die publikasie getuig van 'n deeglike kennis van die skoolvak geskiedenis en die vakdidaktiese teorie. Trouens, in hierdie opsig kan etlike minder oortuigende onlangse publikasies in die vakdidaktiek geskiedenis gerus by hierdie publikasie kers opsteek. Die vernaamste bate van die publikasie word dan ook gesien as die praktykgerigheid daarvan.

Etlike geringe leemtes wat moontlik aandag tydens 'n herdruk kan ontvang word kortliks aangestip. Die publikasie is leer-psigologies miskien ietwat verouderd. Hier word daar spesifiek gedink aan Hallam en sy medewerkers en die "School Council" se 13-16 Geskiedenisprojek in Brittanje. Miskien moet daar ook weer na die afgrensing van doelwitte as kennis, vaardighede en gesindhede gekyk word. Op die ou end is die verwerwing van kennis ook 'n kognitiewe vaardigheid. Andersyds is naslaanvaardighede eintlik ook byvoorbeeld 'n wyse van kennisverwerwing. Kortom, in effek moet die doelwitte as 'n pakket en nie as én én doelwitte gesien word nie. Ook die kategorisering van vraestelspesifikasies (p234 ev) as kennismeting en begripsvorming is 'n effens verskraling van die konsepte. Myns insiens sal "laer" en "hoër" kognitiewe kennis meer beskrywend wees. 'n Verdere krapperigheid is dat daar nie krities genoeg met die gesindheidsvormende doelwitte omgegaan word nie. 'n Enkele voorbeeld is die feit dat daar op bladsy 231 byvoorbeeld verwys word na die "bewus maak van vaste beginsels" as gesindheidsvormende oogmerk van die geskiedenis. Persoonlik lyk hierdie "vaste beginsels" vir my eerder as die ewig menslike soeke na orde, vryheid, geregtigheid en so meer — op soms aanvaarbare en soms minder aanvaabare wyses. Die enigste werklike leemte van die publikasie is dat die aard van die vak en die integrering hiervan te versnipperd beleef word. Ter illustrasie: Die relasie tussen die besondere gebeure in die geskiedenis soos 'n Groot Trek, 'n rewolusie, 'n leier en die didakties-pedagogies meer vrugbare veralgemening daarvan, soos die vraag waarom **mense** trek, of in opstand kom, of oorlog maak, of onderhandel, kom nie eksplesiet genoeg tot sy reg nie.

Dit moet egter kategories gestel word dat hierdie publikasie as geheel 'n puik produk is, wat in elke geskiedenisklas 'n nuttige rol behoort te speel. Die kritiek moet dan ook eerder as wenke om die publikasie nog nuttiger te maak, vertolk word. Inderdaad word die hoop uitgespreek dat alle studente in die vakdidaktiek geskiedenis en veral ook onervare geskiedenisonderwysers hierdie publikasie sal aanskaf.

*M.H. TRÜMPELMANN.*